Gauteng North Tennis Association
League Competition Rules

Introduction:

- The following rules apply from JULY 2014 to Men's, Ladies' and Mixed Leagues, each comprising of various Divisions.

1. In case of a dispute or ambiguity between the English and Afrikaans versions of these rules, the English version will be conclusive.

2. a) All players will be registered members of Gauteng North Tennis Association.

   b) No team in all the GN-A or GN-B leagues may make use of a player that has not been registered with the GNTA, via the club represented, before the commencement of the first league fixture of the applicable league. Should a team make use of such a player, all league points for the team in question will be forfeited

3. A player may be registered at more than one club but may not play for more than one club in the same league. A player may however during the same league period play for a club in the Men's / Ladies' League and for another club in the Mixed League.

4. Only club members whose particulars have been supplied by their clubs to the GNTA, in terms of paragraph 6.4.1 of the constitution, may play in the leagues. All required particulars must accompany the monthly and instant registrations in order to validate such registrations

5. Clubs who are in default of supplying the alphabetical name lists at the time of close for entry to the leagues will not be eligible to enter any team in the leagues, irrespective whether registration and affiliation fees have been paid or not.

6. a. All players will wear recognized tennis attire. Shirts with club colours, v-neck and round neck tennis shirts ("T-shirts") of recognized manufacturers are acceptable subject thereto that the mentioned articles of clothing are in compliance with the restrictions applicable to advertisements. Only recognized tennis shoes may be worn. Runner's shorts and shoes are not permitted.

   b. Any player may, prior to the commencement of a match, insist that his / her opponent, who is not attired in accordance with the provisions of Rule 6 (a), should wear the prescribed attire. If the player to whom the request was made is not attired as provided for in Rule 6(a) within 15 minutes, the person who made the request will be entitled to claim the points for that match.

   c. Any member of the Executive Committee or the Umpires Association of Gauteng North Tennis Association may, notwithstanding the provisions of rule 6 (b) above, at any time, prior to, or during a match request a player, who is not attired in accordance with the provisions of Rule 6(a), to change to the prescribed attire. If a player to whom the request was made is not attired as prescribed in Rule 6(a) within 15 minutes, the player's club may be fined with an amount determined by the League Committee and may be prohibited from continuing with his / her matches and / or the points of those matches may be allocated to his / her opponents (even if the match was completed in the meanwhile).

7. League matches will be played under the TSA rules.

8. Should a club wish to lodge a complaint regarding any matter relating to the league, such complaint will be in writing and must reach the League Committee within 7 (seven) days from the day of the relevant fixture. All disputes in connection with these leagues will be settled by the League Committee, subject to the right of appeal to an Ad Hoc Committee as constituted from time to time by the President of the Association.

9. No player will be allowed to play in a lower team if he / she has played more than twice for a higher team in the same league.

10. If any team member is compelled to retire through injury or illness during a match, that match will be forfeited. The injured / ill player may be substituted for play in a following match within 30 minutes after the injured / ill player has retired. The substitute player must be of the same club and must qualify in terms of all these rules, especially rule 9.

11. Fixtures will be played in accordance with a fixture list drawn up by the League Committee. No departure from this fixture list will be allowed except for exceptional circumstances and approved by the League Committee.

12. Placing of teams into leagues:

a. The two teams with the highest scores on completion of the league will be promoted to a higher league.However only the team with the highest score will receive prize money, if prize money is provided for.

b. The two teams that ended last in their league the previous year will automatically be relegated to a lower league despite the fact that other teams had to move to a lower league as a result of rules that have not been obeyed (e.g. incompleted teams, withdrawel of teams, etc.). Rules 12a and 12b will not apply for GN A, GN B and RES A leagues, where only one team will be promoted and only one team will be relegated.

c. A new entry cannot be entered directly into GN A / GN B but will be placed into the highest available league there after. This rule is also applicable to all other new entries. The League committee however has the right to do the final placing of teams.

If there is no open spaces available new entries had to be acommodated in

the last league. The club(s) involved will then treat those team(s) as their weakest team(s).

d. Clubs who apply for entering existing teams into higher leagues can only be considered if there are open spaces available. A team who came 3rd or lower will not be considered easily. Clubs had to submit a motivation when they want to apply for this.

e. No club may have more than 2 teams in the same division. In the event of a club having 2 teams in the same division, these teams will be scheduled to play each other during the first week of league matches. The stronger team will be known as the "A" team for purposes of the "higher" team and the other team as the "B" team. Rule 9 will also apply in respect of players in the mentioned teams.

f. The League Committee reserves the right to restrict the number of teams in a division and in the case of Gauteng North A & B and Reserve A & B, the number will be restricted to six (6) teams.

13. a. At least two (2) courts will be available for each fixture.

b. If weather conditions are so unfavourable or the courts upon which a fixture has been scheduled to be played so wet that, in the opinion of the opposing captains, play cannot commence or continue within one hour after the time of commencement or interruption, then the fixture will be postponed.

If the team captains cannot agree whether the court surfaces are suitable for play from that point in time onward, they will wait for one hour at which point in time the fixture will commence or be postponed.

c. If, in accordance with the rules governing a particular league, one team has registered a win when play is suspended due to unfavourable weather conditions or bad light, then the points will be allocated in terms of the rules.

d. If uncompleted matches can be completed at any time before the next fixture is played, such matches will be completed with the same players and commence from the stage where the match was stopped. The team captains will arrange the completion of such a fixture.

e. Uncompleted or rained out fixtures will be replayed at the end of the fixture list in the originally scheduled order of play and on the originally scheduled courts. Should these courts not be available, then the League Committee will be responsible for arranging courts to play on.

14. a. All morning fixtures start at 08:15 and afternoon fixtures at 12:30.

b. In those divisions where singles matches are played, the singles matches will be played first.

c. Players scheduled to play who do not occupy the courts within 15 minutes after the scheduled time will, subject to ratification by the League Committee, forfeit their matches. The players who are scheduled to play the second round must occupy the courts before 13:30, if courts are available (this rule only apply to Saturday afternoon leagues where sets are played).

If all the players in a team are not present after completion of the first round of matches, that team will forfeit all the points for that fixture, in other words, that team will receive no points for that fixture and will in addition be liable to a penalty fine as per Rule 21 (c) of the League Competition Rules.

15. A knock-up will be limited to 5 (five) minutes per match, between two teams.

16. In all divisions promotion and relegation will be automatic subject however to the discretion of the League Committee.

17. In the event of a league not being completed within the specified period as

determined from time to time by the League Committee, the points for the uncompleted match/es will be allocated on a basis of average points scored by the teams in the completed matches. No bonus points will however be allocated.

18. The captain of every team will enter the surnames and initials of his / her players in his / her team book before the match. The players will be listed in order of strength when the provisions of Rule 28 are applicable. Thereafter the particulars are copied onto the scorecard and this order cannot, except in the circumstance as provided for in Rule 10, be changed once the match is in progress. The captain of the home team provides the scorecard and completes the card with the team details first where after the Captain of the visiting team completes the card.

19. A fully detailed score card will be sent in by the captain of the winning team and will reach the office of the League Secretary within five (5) days of the conclusion of the fixture. The score card must be signed by both captains and in event of a score card not being fully completed or incorrectly completed, the match results may be canceled subject to approval by the League Committee.

    Walkovers will be recorded by writing the name of the team claiming the fixture in the space “Match won by …….” and writing “WALKOVER” across the card and cards will be submitted by both teams where a team has been withdrawn.

20. In fixtures where sets are played, the winner will be the team winning the most matches. In matches drawn, Rule 27(a) applies.

    At the end of the league the winner of the division will be determined as follows:

    - The team that has won all their matches.
    - If not, the team with the highest points total.

21. Any team, with the exception of teams in the Gauteng North A & B and Reserve “A” Divisions that forfeits more than one fixture by not playing or by

withdrawing, will at the end of the league automatically relegate to the lower division. The top team in the lower division will in such an instance be promoted to the higher division.

When a team forfeits one fixture all the points that was won by his opponents will be cancelled. The reason for this is to place the other teams in that specific league truthfully according to their wins / losses. The applicable team's points will be considered to see if they qualify to stay in that specific league the following year or had to relegate. If that team does not end last it will be placed 2nd last.

The League committee however has the right to do the final placing of teams.

b. Any team in the Gauteng North A & B and Reserve "A" Divisions that forfeits a fixture by not playing or by withdrawing, will, at the end of the league, automatically relegate to the lower division.

The points that was won by his opponents will be cancelled. The reason for this is to place the other teams in that specific league truthfully according to their wins / losses.

c. In event of a team withdrawing from a fixture or the league after placement of teams had been finalized, a penalty fine equal to the team entry fee will be levied by GNTA per fixture withdrawn, and accrued to the affected club.

22. Any team with unregistered player/s or with player/s falsely represented will forfeit that particular fixture.

23. Should a team be disqualified from any league, all fixtures won or lost by the team will be cancelled and considered null and void.

24. In all Gauteng North, Reserve, A and B Divisions of the Mixed, Men's and Ladies leaques not less than six (6) new balls must be provided by the home

team and six (6) new balls by the visiting team. For the Men's and Ladie's league BD Divisions both teams must provide at least three (3) new balls. In fixtures where six (6) singles and three (3) doubles matches are played, each team will provide nine (9) new balls. Only balls approved by TSAwill be used.

25. **Saturday Afternoon Fixtures : Men's and Ladies' Leagues**

Gauteng North A & B, Reserve A, B & C and Divisions A & B (see rule 26 for BD Division)

Teams will consist of six (6) players of whom two (2) players are designated to play singles. Singles are played first and thereafter the first round of the doubles. The two singles players then combine to play a doubles match followed by the second round of doubles. All matches will be decided by the playing of two (2) seven (7) point tie-break sets, and in event of the score being one set each, by the playing of a ten (10) point tie break set in place of a third set.

The winner of the 7 point tie-breaker is the first player who has seven points and who lead with at least two points, e.g. 7/5, or in case of a score of six points each with a lead of at least two points, e.g. 9/7. The winner of the 10 point tie-breaker is the player who first has 10 points and who lead with at least two points, e.g. 10/8, or in case of a score of at least two points, e.g. 12/10.

One point is allotted for every set won (including the third 10-point tiebreak set) and an additional three (3) bonus points to the winning team. If one team has registered a win when play has to be abandoned due to unfavorable weather conditions or bad light, then the points are shared per set for the uncompleted matches.

The result of a fixture will be determined as follows:

1) the team that has won most matches; in event of this being equal,

2) the team that has won the most sets; in event of this also being equal,

3) the team that has won the most games; in event of this also being equal the fixture will be declared a draw and bonus points will be shared.

If one team or the other has registered a win when play has to be abandoned due to unfavourable weather conditions or bad light, then the points are shared per set for the uncompleted matches.

26. **Saturday Afternoon Fixtures : Men's and Ladies' Leagues**

BD Division

Teams will consist of two (2) couples. Both couples play a match against both couples of the opposing team. All matches will be decided by the playing of two (2) seven (7) point tie-break sets, and in event of the score being one set each, by the playing of a ten (10) point tie-break set in place of a third set. One point is allotted for every set won (including the third 10 point tie-break set) and an additional three (3) bonus points to the winning team.
The result of a fixture will be determined as follows:

1) the team that has won most matches; in event of this being equal,

2) the team that has won the most sets; in event of this also being equal,

3) the team that has won the most games; in event of this also being equal the fixture will be declared a draw and bonus points will be shared.

If one team or the other has registered a win when play has to be abandoned due to unfavourable weather conditions or bad light, then the points are shared per set for the uncompleted matches.

27. **Saturday Afternoons Fixtures : Mixed Doubles**

a. **Gauteng North A & B, Reserve A & B and Divisions A & B**

Teams will consist of four couples divided into two groups. Couples 1 and 2 play a match against both couples 1 and 2 of the opposing team. Couples 3 and 4 play likewise. All matches will be decided by the playing of two (2) seven (7) point tie-break sets, and in event of the score being one set each, by the playing of a ten (10) point tie-break set in place of a third set. One point is allotted for every set won (including the third 10 point tie-break set) and an additional three (3) bonus points to the winning team.

The result of a fixture will be determined as follows:

(1) the team that has won most matches; in event of this being equal.

(2) the team that has won the most sets; in event of this also being equal.

(3) the team that has won the most games; in event of this also being equal the fixture will be declared a draw and bonus points will be shared.

If one team or the other has registered a win when play has to be abandoned due to unfavourable weather conditions or bad light, then the points are shared per set for the uncompleted matches.

b. Order of Play

At least two (2) courts must be available per fixture. The first week couples nominated as 1 and 2 will play first and couples nominated as 3 and 4 thereafter. The second week couples nominated as 3 and 4 play first and couples nominated as 1 and 2 thereafter. This rotation continues until the end of the League.

28. **Sunday Morning Fixtures : Men's Division - Gauteng North**

a. Teams will consist of six (6) players and each fixture will consist of nine

matches, namely six singles and three doubles.

b. All clubs participating in the Gauteng North Division will furnish the League Committee at least fourteen (14) days prior to the date of commencement of the League with a list of at least eight players in order of strength. The League Committee will place this list on the notice board of the Tennis Headquarters before the league commences. Should a club have more than one team in the Gauteng North A & B Division, fourteen (14) players will be nominated.

A club not providing such a list will not be permitted to participate in the league in that division. The League Committee has the authority to demand prior to commencement of the league, that the nominated player order be changed to reflect the true strength of players, should the League Committee be of the opinion that the order of players is not correctly reflected on the list.

The League Committee is entitled to allow a club to amend the list by adding a player in any position after sufficient reasons have been given by the club.

c. The members of opposing teams will compete in their nominated order. If a player is not available, all the players below the said player in the team move up one position on the list and the reserve player plays at number six.

Should a number of players be unavailable and a reserve, who is not a nominated player, is required to play, the said reserve player must play at the number six position. The players may be combined in any order for the doubles matches, provided all six team members are included.

d. Matches will be decided by the best of three tie-break sets. One point is allotted for every set won and an additional three (3) bonus points to the winning team. If a result has been obtained when play is abandoned due to unfavourable weather conditions or bad light, then the points per set are

shared for the uncompleted matches.

e. Order of Play

Three courts must be available per fixture. The first week players nominated as numbers 1 – 3 will play first and players nominated as numbers 4 - 6 thereafter. The second week players nominated as numbers 4 - 6 play first and players nominated as numbers 1 -3 thereafter. This rotation continues until the end of the league.

29. **Sunday Morning Fixtures : Men's Divisions - Reserve and A Division**

Teams will consist of six (6) players of whom two (2) players are designated to play singles. Singles are played first and thereafter the first round of the doubles.

The two singles players then combine to play a doubles match followed by the second round of doubles. All matches will be decided by the best of three (3) tie-break sets. One point is allotted for every set won and additional three (3) bonus points to the winning team. If one team has registered a win when play has to be abandoned due to unfavourable weather conditions or bad light, then the points are shared per set for the uncompleted matches.

Gauteng-Noord Tennisassosiasie
Ligakompetisiereëls

Inleiding :

- Die onderstaande reëls is van toepassing vanaf ***JULIE 2014*** op die Mans-, Dames- en Gemengde Liga wat elk uit verskeie Afdelings bestaan.

1. In geval van onduidelikheid of dubbelsinnigheid tussen die Afrikaanse en Engelse weergawes van hierdie reëls sal die Engelse teks deurslaggewend wees.

2. a) Alle spelers moet lede van die Gauteng-Noord Tennisassosiasie wees.

   b) Geen span in al die GN-A of GN-B ligas mag van ‘n speler gebruik maak wat nie teen die aanvang van die betrokke liga, via die klub wat verteenwoordig word, by GNTA geregistreer is nie. Indien ‘n span wel van so ‘n speler gebruik maak, sal alle liga punte vir die betrokke span verbeur word

3. ‘n Speler mag by meer as een klub geregistreer wees, maar mag nie vir meer as een klub in dieselfde liga speel nie. ‘n Speler mag egter tydens dieselfde ligatydperk vir een klub in die Mans- / Damesliga deelneem en vir ‘n ander klub in die Gemengde Liga.

4. Slegs klublede wie se besonderhede, in terme van parafraaf 6.4.1 van die grondwet, deur hul klubs aan GNTA voorsien is, mag aan die ligas deelneem. Alle vereiste besonderhede moet die maandelikse en kitsregistrasies vergesel om sodoende dié registrasies geldig te maak.

5. Klubs wat nagelaat het om ‘n alfabetiese naamlys voor die sluitingsdatum vir liga-inskrywings in te dien, sal nie toegelaat word om enige span in die liga in te skryf nie, ongeag of registrasie- en affiliasiegelde betaal is of nie.

6. a. Alle spelers moet in erkende tennisdrag geklee wees. Hemde met klubkleure, v-nek- en rondenektennishemde (“T-hemde”) van erkende tenniskledingvervaardigers is aanvaarbaar, mits gemelde kleding voldoen aan die beperkings ten opsigte van advertensies. Slegs erkende tennisskoene mag gedra word. <u>Hardloopbroeke en -skoene word nie toegelaat nie.</u>

   b. Enige speler kan voor die aanvang van ‘n wedstryd versoek dat sy / haar opponent(e), wat nie ooreenkomstig die bepalings van Reël 6(a) geklee is nie, die voorgeskrewe kleredrag moet aantrek. Indien die speler(s) aan wie die versoek gerig is nie binne 15 minute in die kleredrag, soos bepaal in Reël 6(a), geklee is nie, is die speler wat die versoek gerig het geregtig om die punte vir daardie wedstryd te eis.

   c. Enige lid van die Uitvoerende Komitee of die Skeidsregtersassosiasie van Gauteng-Noord Tennisassosiasie mag te enige tyd, voor of gedurende ‘n wedstryd, van enige speler, wat nie ooreenkomstig die bepalings van Reël 6(a) hierbo geklee is nie, vereis om die voorgeskrewe kleredrag aan te trek. Indien die speler aan wie die versoek gerig is nie binne 15 minute in die

kleredrag, soos bepaal in Reël 6(a), geklee is nie, kan die speler se klub beboet word met ‘n bedrag soos deur die Ligakomitee bepaal en die speler verdere deelname aan die wedstryd verbied word en / of die punte vir daardie wedstryd(e) aan sy / haar opponente toegeken word (selfs al is die wedstryd intussen voltooi).

7. Ligawedstryde sal volgens die TSA -reëls gespeel word.

8. Indien ‘n klub ‘n beswaar wil aanteken aangaande enige aangeleentheid met betrekking tot die liga, moet die beswaar skriftelik gemaak word en moet dit die Ligakomitee bereik binne 7 (sewe) dae na die dag van die betrokke bepaling. Alle geskille in verband met liga’s sal deur die Ligakomitee besleg word, onderhewig aan die reg van appél na ‘n Ad Hoc Komitee soos van tyd tot tyd deur die President van Gauteng-Noord Tennisassosiasie saamgestel.

9. Geen speler sal toegelaat word om vir ‘n laer span te speel nie as hy / sy meer as twee keer vir ‘n hoër span in dieselfde liga gespeel het.

10. Indien enige lid van ‘n span verplig is om gedurende ‘n wedstryd weens siekte of besering te onttrek, word daardie wedstryd verbeur. Die beseerde / siek speler mag egter vervang word vir ‘n volgende wedstryd binne 30 minute nadat die beseerde / siek speler onttrek het. Die plaasvervangende speler moet lid wees van dieselfde klub en ooreenkomstig die bepaling van al hierdie reëls, en meer spesifiek Reël 9, kwalifiseer.

11. Bepalings (Spanwedstryde) word gespeel volgens ‘n rooster opgestel deur die Ligakomitee en daar mag nie van hierdie bepalings afgewyk word nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede en soos goedgekeur deur die Ligakomitee.

12. Plasing van spanne in ligas:

a. Die twee spanne met die meeste punte aan die einde van die liga die vorige jaar word outomaties na ‘n hoër liga bevorder.Slegs die span met die meeste punte sal prysgeld ontvang, indien dit beskikbaar is.

b. Die twee spanne wat die vorige jaar die laaste plekke in hulle liga beklee het word outomaties na ‘n laer liga gedemoveer ongeag of daar ander spanne is wat op grond van reëls nie nagekom (bv. onvolledige spanne / onttrekking van spanne, ens.) moet afskuif. Reëls 12 a en 12 b sal nie geld vir GN A, GN B en RES A ligas nie. Hier sal net een span bevorder word en net een span gedemoveer word.

c. ‘n Nuwe inskrywing kan nie direk tot GN A / GN B toegelaat word nie, maar wel in die hoogste beskikbare plek daarna. Hierdie reël geld ook vir alle ander nuwe inskrywings. Die Ligakommitee behou egter die reg voor om die finale plasing te doen.

Indien daar geen oop plekke beskikbaar is nie sal nuwe inskrywings noodgedwonge in die laaste liga geakkommodeer moet word. Die betrokke klub(s) sal dan daardie span(ne) as hul swakste span(ne) moet hanteer.

d. Klubs wat aansoek doen dat bestaande spanne in hoër ligas speel kan ook net oorweeg word indien daar oop spasies is. ‘n Span wat 3de of laer geëindig het word nie maklik oorweeg nie. Klubs moet ‘n motivering insluit indien hulle hiervoor aansoek doen.

e. Geen klub mag meer as twee spanne in dieselfde afdeling hê nie en waar een klub twee spanne in dieselfde afdeling het, sal die twee spanne bepaal word om gedurende die eerste week van die ligawedstryde teen mekaar te speel. Die sterkste span sal bekend staan as die “A”-span vir doeleindes van die “hoër span” en die ander span as die “B” -span. Reël 9 geld ook ten opsigte van die spelers in die betrokke twee spanne.

f. Die Ligakomitee behou die reg voor om die aantal spanne in ‘n afdeling te beperk en in die geval van Gauteng-Noord A & B en Reserwe A & B sal dit tot ses (6) spanne beperk wees.

13. a. Ten minste twee (2) bane moet vir elke bepaling beskikbaar wees.

b. As die weersomstandighede sodanig is, of die bane waarop ‘n spanwedstryd bepaal is om gespeel te word so nat is dat dit na oordeel van die opponerende kapteins onmoontlik is om binne een uur na die aanvangstyd of onderbrekingstyd daarmee te begin of voort te gaan, sal die spanwedstryd uitgestel word.

As die spankapteins nie onderling ooreen kan kom aangaande die speelbaarheid van die bane nie, moet daar vanaf daardie tydstip een uur gewag word en dan moet die spanwedstryd òf ‘n aanvang neem/voortgesit word, òf uitgestel word.

c. As ‘n span, ooreenkomstig die reëls wat op die betrokke liga van toepassing is, reeds beslissend die wenner is wanneer dit deur weersomstandighede of swak lig onderbreek word, sal die punte ooreenkomstig die bepalings van die reëls toegeken word.

d. As onvoltooide wedstryde op ‘n latere datum, maar voor die volgende bepaling in daardie betrokke liga voltooi kan word, word die wedstryde voortgesit met dieselfde spelers vanaf die punt waar dit gestaak was. Die voltooiing van so ‘n bepaling moet onderling gereël word deur die spankapteins.

e. Onvoltooide of uitgereënde spanwedstryde word aan die einde van die programrooster oorgespeel in die volgorde waarin en op die bane waarop wedstryde oorspronklik bepaal was. Sou die bane nie beskikbaar wees nie, sal bane deur die Ligakomitee aangewys word.

14. a. Alle oggendbepalings begin om 08:15 en middagbepalings om 12:30.

b. In daardie afdelings waar enkelspelwedstryde gespeel word, word laasgenoemde eerste gespeel.

c. Spelers wat geskeduleer is om eerste te speel en nie binne 15 minute na die bepaalde tye die bane beset nie, verbeur die wedstryde, onderhewig egter aan bekragtiging deur die Ligakomitee. Die spelers wat vir die tweede rondte geskeduleer is moet voor 13:30, indien bane beskikbaar is, die bane beset (hierdie reël geld slegs vir die Saterdagmiddag-ligas waar stelle gespeel word).

Indien al die lede van ‘n span na afloop van die eerste rondte nie beskikbaar is nie, sal daardie span al die punte vir die bepaling verbeur - met ander woorde, daardie span sal geen punte vir die bepaling ontvang nie en sal addisioneel verantwoordelik wees vir die boeteheffing soos bepaal deur Reël 21(c) van die Ligakompetisiereëls.

15. Hoogstens 5 (vyf) minute opwarmingstyd word per wedstryd toegelaat tydens enige kragmeting tussen twee spanne.

16 In alle afdelings vind promosie en relegasie outomaties plaas onderhewig egter aan die diskresie van die Ligakomitee.

17. Indien ‘n liga nie afgehandel word binne die voorgeskrewe tydperk soos van tyd tot tyd deur die Ligakomitee bepaal word nie, sal punte vir die onafgehandelde wedstryd/e aan spanne toegeken word op ‘n basis van gemiddelde punte deur die spanne verwerf in afgehandelde wedstryde. Geen bonuspunte sal egter toegeken word nie.

18. Die kaptein van elke span moet die voorletters en vanne van sy / haar spelers voor die wedstryd in sy / haar spanboekie invul. Die spelers moet in volgorde van sterkte ingevul word as die bepalings van Reël 28 van toepassing is. Daarna word die besonderhede na die telkaart oorgedra en hierdie volgorde mag, behalwe in die omstandighede soos voorsien in Reël 10, nie verander word nadat die wedstryd begin het nie. Die Kaptein van die tuisspan voorsien die telkaart en voltooi die telkaart met die besonderhede van die span daarop eerste, waarna die Kaptein van die besoekende span dit voltooi.

19. ‘n Volledig ingevulde telkaart moet deur die kaptein van die span wat gewen

het, ingestuur word en moet die kantoor van die Vereniging se Ligasekretaris binne vyf dae na afloop van die wedstryd bereik. Die telkaart moet deur albei kapteins onderteken word en sou ‘n telkaart nie volledig nie of verkeerd ingevul wees, mag die wedstryduitslag gekanselleer word na goeddunke van die Ligakomitee.

Bepalings wat by verstek gewen word, moet aangeteken word deur die naam van die span wat die bepaling eis in die spasie gemerk “Wedstryd gewen deur ……...” in te vul en die woorde “BY VERSTEK” moet op die telkaart geskryf word. Waar ‘n span onttrek het, moet telkaarte deur sowel die tuisspan as die besoekende span ingestuur word.

20. In bepalings waar stelle gespeel word, is die wenner die span wat die meeste wedstryde gewen het. Waar wedstryde gelykop eindig, is Reël 27(a) van toepassing.

Die wenner van die afdeling word aan die einde van die liga soos volg bepaal:

- Die span wat al sy wedstryde gewen het.
- Indien nie, die span met die hoogste puntetotaal.

21. a. Enige span, met die uitsondering van spanne in die Gauteng-Noord A & B en Reserwe “A” Afdelings, wat meer as een bepaling verbeur het deur nie te speel nie of te onttrek, sal aan die einde van die liga outomaties gedemoveer word na ‘n laer afdeling. Die boonste span van die laer afdeling sal in so ‘n geval gepromoveer word na die hoër afdeling.

Indien ‘n span een bepaling verbeur, word al die punte wat sy opponente teen hom verwerf het gekanselleer. Die rede hiervoor is om die ander spanne, in die bepaalde liga, aan die einde van die liga regverdig volgens wedstryde gewen / verloor te plaas. Dié betrokke span se punte sal wel in ag geneem word om te bepaal of hy die daaropvolgende jaar in dieselfde liga moet bly of moet relegeer. Indien dié span nie laaste in die liga eindig nie word hy 2de laaste geplaas.

Die Ligakommitee behou egter die reg voor om die finale plasing te doen.

b. Enige span in die Gauteng-Noord A & B en Reserwe “A” Afdelings wat ‘n bepaling verbeur deur nie te speel nie of te onttrek, sal na afloop van die liga outomaties na die laer afdeling gedemoveer word. Die boonste span van die laer afdeling sal in so ‘n geval gepromoveer word na die hoër afdeling.

   Die punte wat sy opponente teen hom verwerf het word gekanselleer. Die rede hiervoor is om die ander spanne, in die bepaalde liga, aan die einde van die liga regverdig volgens wedstryde gewen / verloor te plaas.

c. Sou ‘n span uit ‘n bepaling of ‘n liga onttrek nadat plasing van spanne gefinaliseer is, sal ‘n boeteheffing gelykstaande aan die spaninskrywings-geld deur GNTA gehef word vir elke bepaling waar daar onttrek is, en aan die benadeelde klub toegeken word.

22. Enige span met een of meer ongeregistreerde spelers of met enige spelers wat valslik verteenwoordig is, sal die bepaling verbeur.

23. As ‘n span uit enige liga gediskwalifiseer word, sal alle bepalings gewen of verloor deur so ‘n span as gekanselleer beskou en buite rekening gelaat word.

24. In alle Gauteng-Noord, Reserwe, A en B Afdelings van die Gemengde-, Mans- en Damesligas moet ten minste ses (6) nuwe balle deur die Tuisspan en ses (6) nuwe balle deur die Besoekende span verskaf word. In die BD Afdelings van die Mans- en Damesliga verskaf beide die Besoekende en die Tuisspan ten minste drie (3) nuwe balle. In ligas waar ses (6) enkelspelwedstryde gespeel word en drie (3) dubbelspelwedstryde verskaf beide spanne nege (9) nuwe balle. Slegs balle wat deur TSAgoedgekeur is mag gebruik word.

25. **<u>Saterdagmiddagbepalings : Mans- en Damesligas</u>**

Gauteng-Noord A & B, Reserwe A, B & C en Afdelings A & B (kyk reël 26 vir die BD Afdeling)

Die spanne bestaan uit ses (6) spelers waarvan twee (2) aangewys word as enkelspelpelers. Die enkelspelwedstryde vind eerste plaas en daarna die eerste rondtes dubbelspelwedstryde. Die twee enkelspelers kombineer dan om ‘n dubbelspelwedstryd te speel gevolg deur die tweede rondte dubbelspel-wedstryde. Alle wedstryde word beslis deur die speel van twee (2) sewe (7) punt valbylpotstelle, en in die geval van ‘n telling van een stel elk, deur die speel van ‘n tien (10) punt valbylpot in die plek van ‘n derde stel.

In die 7-punt valbylpot is die speler/s wat eerste sewe punte het en met minstens twee punte voor is, bv. 7/5, of in die geval van ‘n telling van ses punte elk met minstens twee punte voor is, bv. 9/7, die wenner/s van die pot. In die 10-punt valbylpot is die speler/s wat eerste tien punte het en met mistens twee punte voor is, bv. 10/8, of in die geval van ‘n telling van tien punte elk met minstens twee punte voor is, bv. 12/10, die wenner/s van die pot.

Een punt word toegeken vir elke stel gewen, asook vir die derde 10-punt valbylpot (wat op die telkaart ingevul word as 7/6 met die puntetoekenning in hakies agterna) en ‘n bykomstige 3 (drie) bonuspunte aan die wenspan. Indien ‘n beslissing reeds in ‘n wedstryd bereik is, maar slegte weer of swak lig verhinder die voltooiing daarvan, word die punte per stel gelykop gedeel vir die onvoltooide wedstryde.

Die uitslag van ‘n bepaling sal soos volg bepaal word :

(1) die span wat die meeste wedstryde gewen het; as dit gelyk is,

(2) die span wat die meeste stelle gewen het; as dit ook gelyk is,

(3) die span wat die meeste spelle gewen het; as dit ook gelyk is word die uitslag as gelykop bepaal en bonuspunte word gedeel.

Indien ‘n beslissing reeds in ‘n wedstryd bereik is wanneer slegte weer of swak lig verhinder dat die wedstryd voltooi word, word die punte per stel gelykop gedeel in die onafgehandelde wedstryde.

26. **<u>Saterdagmiddagbepalings : Mans- en Damesligas</u>**
BD Afdeling

‘n Span bestaan uit twee (2) pare. Beide pare speel ‘n wedstryd teen beide pare van die opponerende span. Elke wedstryd word beslis deur die speel van twee (2) sewe (7) punt valbylpotstelle en in geval van ‘n telling van een stel elk, deur die speel van ‘n tien (10) punt valbylpot in die plek van die derde stel. (Sien die verduideliking vir die speel van die valbylpotte by Reël 25.) Een punt word toegeken per stel gewen, asook vir die derde 10-punt valbylpot (wat op die telkaart ingevul word as 7/6 met die puntetoekenning in hakies agterna) en die wenspan ontvang 3 (drie) bonuspunte.

Die uitslag van ‘n bepaling sal soos volg bepaal word :

(1) die span wat die meeste wedstryde gewen het; as dit gelyk is,

(2) die span wat die meeste stelle gewen het; as dit ook gelyk is,

(3) die span wat die meeste spelle gewen het; as dit ook gelyk is word die uitslag as gelykop bepaal en bonuspunte word gedeel.

Indien ‘n beslissing reeds in ‘n wedstryd bereik is wanneer slegte weer of swak lig verhinder dat die wedstryd voltooi word, word die punte per stel gelykop gedeel in die onafgehandelde wedstryde.

27. <u>Saterdagmiddagbepalings : Gemengde Dubbelspel</u>

a. Gauteng-Noord A & B, Reserwe A & B en Afdelings A & B

‘n Span bestaan uit vier pare wat in twee groepe speel. Pare 1 en 2 speel ‘n wedstryd teen elk van pare 1 en 2 van die opponerende span en pare 3 en 4 van die span speel teen elk van pare 3 en 4 van die opponente. Elke wedstryd word beslis deur die speel van twee (2) sewe (7) punt valbylpotstelle en in geval van ‘n telling van een stel elk, deur die speel van ‘n tien (10) punt valbylpot in die plek van die derde stel. (Sien die verduideliking vir die speel van die valbylpote by Reël 25.) Een punt word toegeken per stel gewen, asook vir die derde 10-punt valbylpot (wat op die telkaart ingevul word as 7/6 met die puntetoekenning in hakies agterna) en die wenspan ontvang 3 (drie) bonuspunte.

Die uitslag van ‘n bepaling sal soos volg bepaal word :

(1) die span wat die meeste wedstryde gewen het; as dit gelyk is,

(2) die span wat die meeste stelle gewen het; as dit ook gelyk is,

(3) die span wat die meeste spelle gewen het; as dit ook gelyk is word die uitslag as gelykop bepaal en bonuspunte word gedeel.

Indien ‘n beslissing reeds in ‘n wedstryd bereik is wanneer slegte weer of swak lig verhinder dat die wedstryd voltooi word, word die punte per stel gelykop gedeel in die onafgehandelde wedstryde.

b. Volgorde van Spel

Ten minste twee (2) bane moet per bepaling beskikbaar wees. Die eerste week speel pare wat as nommer 1 en 2 genomineer is eerste en die pare wat as 3 en 4 genomineer is daarna.

Die tweede week speel die pare wat as 3 en 4 genomineer is eerste en pare wat as 1 en 2 genomineer is daarna. Hierdie rotasie word tot aan die einde van die Liga volgehou.

28. **Sondagoggendbepalings : Mansliga – Afdeling Gauteng-Noord**

a. ‘n Span bestaan uit ses spelers en elke bepaling uit nege wedstryde, naamlik ses enkelspelwedstryde en drie dubbelspelwedstryde.

b. Alle klubs wat in die Gauteng-Noord A- & B-Afdeling meeding, moet minstens veertien (14) dae voor die aanvangsdatum van die liga ‘n ranglys van minstens agt spelers in volgorde van sterkte aan die Ligakomitee voorlê en die Ligakomitee moet die ranglys op die Tennishoofkwartier se kennisgewingbord plaas voordat die liga ‘n aanvang neem.
Sou ‘n klub meer as een span in hierdie afdelings inskryf, moet die ranglys uit veertien spelers bestaan.

‘n Klub wat nie ‘n ranglys voorlê nie, sal nie toegelaat word om aan die liga in daardie afdeling deel te neem nie. Die Ligakomitee het die bevoegdheid om voor die aanvang van die liga daarop aan te dring dat die ranglys van ‘n

klub verander word om die werklike rangorde van die spelers van daardie klub te weerspieël indien die Ligakomitee van oordeel is dat die spelers se rangorde nie korrek deur die klub aangedui is nie.

Die Ligakomitee is bevoeg om ‘n klub toe te laat om die lys te verander deur ‘n speler in enige posisie in te voeg nadat voldoende redes deur die klub aangevoer is.

c. Die opponerende klubs se spanlede sal teen mekaar meeding in die volgorde waarin hulle genomineer is en indien ‘n speler op die ranglys nie beskikbaar is nie, skuif die spelers onder daardie speler in die betrokke span een plek boontoe op die ranglys en die reserwespeler speel op nommer ses. Indien ‘n aantal spelers nie beskikbaar is nie en daar word van ‘n reserwe gebruik gemaak wat nie ‘n genomineerde speler is nie (wat nie op die ranglys voorkom nie), dan moet sodanige reserwespeler op die nommer ses posisie speel. Die dubbelspelkombinasies kan op enige wyse uit die spanlede saamgestel word, mits al ses spanlede ingesluit word.

d. Wedstryde word beslis deur die beste uit drie valbylpotstelle. Een punt word toegeken vir elke stel wat gewen word en drie (3) bonus punte vir die algehele wenner. Indien ‘n beslissing reeds in ‘n wedstryd bereik is, maar slegte weer of swak lig verhinder die voltooiing daarvan, word die punte per stel gelykop gedeel vir die onvoltooide wedstryde.

e. <u>Volgorde van Spel</u>

Drie bane moet per bepaling beskikbaar wees. Die eerste week speel die spelers wat as nommer 1 - 3 genomineer is eerste en die spelers wat as 4 - 6 genomineer is daarna. Die tweede week speel die spelers wat as nommer 4 - 6 genomineer is eerste en die spelers wat as 1 - 3 genomineer is daarna. Hierdie rotasie word tot aan die einde van die liga volgehou.

29. **<u>Sondagoggendbepalings : Mansliga - Afdelings : Reserwe en Afdeling A</u>**

Die spanne bestaan uit ses spelers waarvan twee (2) aangewys word as enkelspelspelers. Die enkelspelwedstryde vind eerste plaas en daarna die eerste rondtes dubbelspelwedstryde. Die twee enkelspelspelers kombineer dan om ‘n dubbelspelwedstryd te speel gevolg deur die tweede rondte dubbelspelwedstryde. Alle wedstryde word beslis deur die beste uit drie valbylpotstelle. Een punt word toegeken vir elke stel wat gewen word en ‘n bykomstige drie (3) bonuspunte aan die wenspan. Indien ‘n beslissing reeds in ‘n wedstryd bereik is, maar slegte weer of swak lig verhinder die voltooiing daarvan, word die punte per stel gelykop gedeel vir die onvoltooide wedstryde.